

DIE BLOED VAN JESUS

(WAT LEER DIE BYBEL ONS?)

Gerrie Malan

Fondasie vir suiwer doktrine

"¹⁴Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was ¹⁵en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. ¹⁶Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, ¹⁷sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim. 3:14-17).

Gebruik in die Pinkster en Charismatiese omgewing

- Ek pleit die Bloed
- Pleit die Bloed van Jesus oor jou kar (na die onlangse inbraak in motors voor die kerk)
- Trek U bloed soos 'n koepel oor ons
- I plead the Blood of Jesus for my healing
- I apply the Blood of Jesus to this sickness
- I sprinkle the Blood of Jesus on me
- I resist you devil with the Blood of the Lamb
- I draw a Bloodline around this place that the devil cannot cross
- I draw a Bloodline of protection around my property and possessions
- I plead the Blood of the Lord Jesus Christ against this problem
- I cover my home with the Blood of Jesus to protect all occupants and possessions from all evil
- I apply the Blood of Jesus to this problem and bind its power to remain. There is power in Jesus' Blood to set everything right, Satan. Jesus' Blood works now to remove every evil work.
- I hold the Blood of Jesus against you Satan, and declare on God's Word that it overcomes you, and that you flee. I will continue to believe and to repeat what I said until every trace of this trouble is gone.
- Ask the **Father** to wash you in His Blood
- Ask Jesus to let His blood flow back through the blood of your ancestors
- By faith we can sprinkle the blood of Jesus on people who have come to us for help
- Sprinkle the blood of the Lord Jesus Christ anywhere there is evidence of satanic effort to stop the complete will of God in your life
- Pleading or speaking the blood causes the blood of Jesus to speak out on our behalf and stops the attacks of satan.
- New Covenant believers have the right to draw a faith Blood line the devil **cannot cross (sic)**.
- Wherever we have authority we should apply the Blood – and never leave the **protection (sic)** the Blood provides.

Nota: As al hierdie dinge Skriftuurlik waar is, kan ons mos oombliklik van alle misdaad in ons dorpe en stede ontslae raak?

Bybelse konsep van offerande

² “Praat met die Israëliete en sê vir hulle: Wanneer een van julle vir die Here 'n offer wil aanbied, kan hy dit aanbied uit sy beeste of uit sy kleinvee. [Lev. 1:2]

Die term ‘offer’ (Heb. *corban*) is verwant aan die werkwoord wat beteken dat jy nader kom (*draw near*). Die Israëliet het sy offer na God toe gebring sodat hyself God kon nader om Sy gemeenskap en seën te geniet. (“²⁷ Dié wat ver van U af is, gaan verlore, U vernietig dié wat aan U ontrou is. ²⁸ Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees. Ek het die Here my God gekies as my toevlug! Ek sal van al u werke bly vertel”) (Ps. 73:27, 28).

Aanbidders het offers gebring om dankbaarheid en geloof te betuig, gemeenskap met God te geniet, hul toewyding te verdiep, of om vergifnis te vra. **In wese was die bring van ‘n offer ‘n gedramatiseerde (‘enacted’) gebed** (cf. Ps. 116:17; Hos. 14:2; Heb. 13:15).

So ‘n offer het dikwels ‘n offerande (*sacrifice*) waardeur ‘n dier se lewe geneem is, ingesluit. Die **lewe** van die **onskuldige dier** is dus in die plek van die sondige en skuldige aanbieder geoffer. Hierdie offergawe het **boetedoening of versoening** (*atonement*) gebring deur die sonde van die persoon te **‘bedek’**. [Die Hebreeuse en Griekse woorde vir **vergifnis** weerspieël die gedagte van ‘bedekking’, ‘kansellering’, of ‘wegstuur’]. **Volgens Heb. 9:22 kon daar sonder die bloedvergieting nie vergifnis van sonde verkry word nie.**

Om so ‘n offer **vir God aanneemlik te maak**, moes daar ‘n opregte berou uit die hart en voorneme om in regverdigheid te wandel wees (Lev. 23:27-29; Jes. 1:11-17; Miga 6:6-8).

‘Die lewe is in die bloed’ (Lev. 17:11)

Boetedoening (‘atonement’) is verkry deur die **dood** van die offerdier en nie deur sy lewe nie. Hierdie Ou Testamentiese gebruik is in die NT voortgesit.

Vertalingsleemte: Volgens die Exegeses Ready Research Bible deur Herb Jahn, is hierdie ‘n ongelukkige vertalingsleemte. Die woord wat in Lev. 17:11 normaalweg met ‘lewe’ vertaal is, is die Hebreeuse selfstandige naamwoord *nephesh* [Strong nr. 5315]. Dit kom van die stam *naphash* wat beteken ‘om asem te haal’, of ‘om op geasem te word’. **NB: In die meeste vertalings word die woord *nephesh* op meer as veertig verskillende wyses vertaal, onder meer as ‘siel’.**

Na sy jarelange studie kom Jahn tot die gevolgtrekking dat die korrekte vertaling sou wees: DIE SIEL IS IN DIE BLOED. Dit verklaar ook waarom God sou verbied dat vleis met bloed in geëet word!

Die bloed (siel van die dier) sou dus boete doen vir die sondige siel van die mens. Dit word verkry deur die dier dood te maak – deur sy **lewe te neem. Op hierdie selfde wyse het Christus sy lewe aan die kruis as plaasvervanging vir my lewe aangebied (Rom. 5:1).**

Jesus het aan die kruis sy onbevleete lewe (en dus sy onbevleete siel) afgelê in die plek van die lewe/siel van elkeen wat Hom as die Seun van God sou aanvaar en Hom volg (cf. Kol. 1:14; Heb. 9:13-14; 1 Joh. 1:7; Op. 7:14).

Resultaat van Christus se kruisiging

Die OT offers het die sonde tydelik ‘bedek’. Die Christusoffer neem dit egter weg! Hy betaal die prys wat God se woede afweer en so is dié wat wedergebore word (nie uit die fisiese bloedlyn van Abraham maar uit die Gees van God deur Christus), met God versoen en is daar weer gemeenskap (*fellowship*) met God herstel. In die tuin van Eden het God met die mens gewandel, maar na die sondeval lees ons nie weer van hierdie intimiteit nie. Na Jesus se kruisiging, op Pinkster, is die Heilige Gees egter oor die mens uitgestort – die *Parakleet*, of Een wat weer tree vir tree saam met jou wil stap.

Jesus van Nasaret se kruisigingsdood bring dus my redding/verlossing/reiniging van sonde mee. Kyk o.a. Joh. 6:55-56; Hand. 20:28; Rom. 3:25; Rom. 5:9; Ef. 1:7; Kol. 1:14, 20; 1 Pet. 1:18.

“Hy het nie ingegaan om Homself herhaaldelik te offer nie, soos die hoëpriester elke jaar die Allerheiligste binnegaan met bloed wat nie sy eie is nie. Dan sou Christus immers herhaaldelik moes gely het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem...So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem” (Heb.9:25-28).

Die Bloed van Christus

Die Skrif dui op verskeie plekke duidelik aan dat die uitdrukking ‘die bloed van Jesus’ na Sy **dood** verwys. **Kyk bv. Rom. 5:9, 10; Kol. 1:20, 1 Joh. 5:6.**

‘n Diepgaande ontleding van wat in die brondokumente geskryf is, dui aan dat verwysings na die bloed van Christus verstaan moet word as verwysende na sy **versoeningsdood**. Dit verwys nie na die fisiese/fisiologiese bloed nie! (Marshall, et. al., New Bible Dictionary).

Besprinkeling met bloed – die Bybelse betekenis

Deur voorwerpe (altaar, priesters se klere) en persone (die volk) met bloed van die offerdiere te besprinkel of aan die priester se oor, duim en toon te smeer, is die bloed tussen God en die sondige persone en hul voorwerpe gebring. Netso het die besprinkeling van die Verbondsark se deksel (*mercy seat*) met die offerdier se bloed aangedui dat die bloed tussen God en die Wet (wat onder die deksel is) gebring word – wet wat hulle gebreek het maar wat hierdeur deur die bloed bedek is.

Die besprinkeling met die offerdier se bloed is nie as ‘n beskermings-meganisme gebruik nie. God het in ‘n beskermings- of oorwinningsverband verskeie soorte handeling laat uitvoer, maar nie die besprinkeling met ‘n offerdier se bloed nie.

Die bloed van die verbond

*“²⁷ Toe neem Hy ‘n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: “Drink almal daaruit, ²⁸ want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond **beseël** word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes (Mat. 26:27, 28). [NB: die werkwoord wat vergifnis kwalifiseer is ‘vergië’ – m.a.w. die dood wat dit veroorsaak].*

Die OT verbondsritueel het ingesluit dat die verbondsvennote deur die bloed van die dier/diere wat geslag is loop. Die betekenis was: as ek die verbond met jou verbreek, mag jy met my maak soos met hierdie diere. **As ek nie die verbond met God wat deur Jesus se bloed (sy kruisdood!) beseël is aanvaar nie, sal my uiteinde die tweede (ewige) dood wees.**

Mat. 26:27, 28 verklaar die ‘bloed van Jesus Christus’ – sy kruisdood – reinig ons van sonde. Kyk ook Heb. 9:22.

Hierdie bloed wat gestort word (die dood) verwyder die sonde sodat ek

- Wedergebore kan word; en
- Weer gemeenskap met God kan herwin (1 Joh. 1:7, 9).

Die bloed is nie gedeleger

Daar is geen Skrifverwysing waarop ons kan aanspraak maak dat Jesus sy bloed as instrument of wapen aan die kerk gegee het nie. Nêrens maak Jesus so ‘n delegasie nie. Ons kan nie op grond van die Skrif die bloed eis of pleit of iets met die bloed bedek in die sin waarin mense dit so vryelik doen nie.

Die Naam van Jesus

In sy dood het Jesus sy bloed gestort. In sy opstanding is sy Naam as die Naam bo elke ander naam aan die kerk gegee:

- *En toe Hy as mens verskyn het, ⁸ het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. ⁹ Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, ¹⁰ sodat **in die Naam van Jesus** elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, ¹¹ en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader. (Fil. 2:7-11).*

- Geen dissipel/apostel in die Bybel het die Bloed van Jesus gepleit of gesprinkel of andersins gebruik nie. Hulle het almal die Naam van Jesus gebruik. Kyk bv. Hand. 3:6 (Petrus en die lam man).
- ¹⁰ **Die Naam van die Here** is 'n sterk vesting; die regverdige vind daar skuiling. (Spreuke 18:10).
“Naam” beteken hier God self!

Wat van 1 Joh. 5:7, 8?

Die getuies is nie fisiese water en bloed nie, maar die doop en die kruisdood, saam met die Heilige Gees wat in die gemeenskap van heiliges, die Naam van Jesus as die Seun van God, die Weg en die Waarheid, ens. bevestig deur die werking van Sy gawes in mense.

Ander bedienings

Wat dan nou van ander bedienings en dienaars van die Here wat sulke aspekte van die bloed verkondig/leer? Is hulle nie ook gesalfdes/geseëndes wat deur die Here in sulke bedienings opgerig is nie?

ANTWOORD: Dit is sekerlik die waarheid dat diesulkes deur God geroep is (‘n mens kan wel debatteer of dit deur die bank so is). Nogtans bly hulle mense wat ook beïnvloedbaar is deur denominasie-uitkyke, persoonlike vooroordele, ens. Neem bv. Die ekstreme welvaartsleerstellings van sommige bedienings wat op selektiewe en foutiewe aanwending van Skrif gebou is.

Betekende die feit van die onbybelse kinderbesprinkeling (volgens ons siening) wat in die Gereformeerde en soortgelyke denominasies toegepas word, dan dat niemand van hulle deur God geroep en in hul bedienings geseën word nie? In sulke denominasies word die doop in die Heilige Gees ontken. Hoe moet ons hulle roeping deur God beoordeel?

Kyk bv. Dawid – nie alleen ‘n gesalfde van die Here nie, maar word beskryf as ‘n man na God se hart. Tog pleeg hy selfs moord nadat hy eers owerspel gepleeg het. En het die Here nie juis met die uitwysing van Dawid as toekomstige koning vir die profeet Samuel gesê, “Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike”. In die 1933 vertaling lui dit, “Want nie wat die mens sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan” (1 Sam. 16:7). (Hoewel die spesifieke konteks oor Eliab, ‘n broer van Dawid se voortreflike fisiese uiterlike gegaan het, staan die Here se uitkyk op ‘n mens egter vas in hierdie beginsel). Kyk bv. Ook Jes. 29:13.

Elkeen van ons moet individueel die verantwoordelikheid vir ons sienswyses neem – dit sluit in dat ons bereid moet wees om verkeerde gebruike, sienswyses, leerstellings, ens. te herken en erken. Die kerk het egter ook ‘n verantwoordelikheid hierin – die kerk moet haar kudde nie net herderlik versorg en met goeie preke lei nie. Die kerk behoort die lidmate ook te leer **hoe** om die Bybel te bestudeer.

Die Bybel bly dus in die eerste plek ons gesagsbron en nie die boeke, geskrifte, ens. van ander mense nie – hoe geseënd hul bedienings of oortuigend hul openbarings ookal mag voorkom.

Slot

Dit is vir ons belangrik om altyd biddend die Waarheid te soek en te leer. Kompromie kan nie geakkommodeer word om mense ter wille te wees of ou verkeerde sienings en tradisies te beskerm nie.

BRONVERWYSINGS

Jahn, H. 1993. *Exegeses Ready Research Bible*. Iowa Falls: World Bible Publishers.

Marshall, I.H., Millard, A.R., Packer, J.I. & Wiseman, D.J. (eds.). 3rd ed. 1996. *New Bible Dictionary*. Leicester: Inter-Varsity Press.

Strong. *Strong's Hebrew and Greek Dictionaries*. e-Sword®, Version 10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

Tensy anders vermeld, is Skrifaanhalings in Afrikaans uit *Die Bybel* (Nuwe Vertaling 1983, met herformulerings), met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.